WAARSKUWINGSTEKENS VIR
KANKER IN VOLWASSENES

Knop of verdikking in ´n bors, testikel of elders

Aanhoudende koors van onbekende oorsprong

Noemenswaardige en aanhoudende moegheid

Kleur of grootte van ´n moesie of vrat wat verander

Erge en aanhoudende hoofpyn

Raaiselagtige heesheid en aanhoudende hoes

Wisselende pyne in skelet of ander liggaamsdele

Aptyt wat afneem

Afskeidings wat ongewoon is

Resente verandering in werking van blaas of dermkanaal

Slegte spysvertering wat voortduur

Kneusplekke sonder gepaardgaande beserings

Uitermatige en aanhoudende bleekheid

Wond wat nie wil genees nie

Infeksie of inflammasie wat nie opklaar nie

Naarheid en braking waarvoor daar nie ´n verklaring is nie

Gewigsverlies wat nie verklaar kan word nie

Hierdie simptome kan veroorsaak word deur 'n ander gesondheids-probleem, maar as een of meer van hierdie simptome voortduur, raadpleeg jou dokter sonder versuim

Indien jy enigsins besorg is oor jou kind se simptome, verkry sonder versuim onmiddellike mediese hulp. Kinders met kanker moet die korrekte behandeling ontvang, verkieslik in ‘n pediatriese onkologie-eenheid

Tough Living with Cancer tLC

CANSA Cancer Association of South Africa

Research • Educate • Support

Emosionele ondersteuning en vriendskap

Akkommodasie vir ouers/voogde by die KANSA TLC Nicus-Tuiste in Pretoria en leef-in-fasiliteite by die TLC Pediatriese Onkologie-Saal in Polokwane

Prostetiese ondersteuning

Vaardigheids-opleiding en ontwikkeling

Ondersteuning aan broers, susters en ouers van kinders wat deur kanker geraak word, sowel as kinders wat deur die kanker van ´n ouer/voog geraak word

Bewustheid van kinder kanker en vroeë opsporing

WAARSKUWINGSTEKENS VAN
KANKER TYDENS KINDERJARE (Jonger as 15 jaar)

Koors van onbekende oorsprong

Infeksies wat herhalend voorkom

Naarheid met of sonder braking

Dubbelvisie of wit kol agter pupil

Erge onverklaarbare moegheid

Raaiselagtige pyne in gewrigte, skelet, rug of bekken

Knop of massa wat skielik ontwikkel in die buik, nek of ander liggaamsdeel

Afskeidings wat ongewoon is

Noemenswaardige bleekheid wat voortduur

Kneusplekke sonder gepaardgaande beserings

Erge en aanhoudende hoofpyn

Resente onverklaarbare gewigsverlies

‘n Goue lint verteenwoordig alle kankers tydens kinderjare

CANSA Cancer Association of South Africa

Research • Educate • Support

Tolvry 0800 22 66 22
www.cansa.org.za